

Tot Afskeid van . . .

ONS HOLLANDSE PSALMBOEK

SEDERT die Afrikaanse Psalmboek sy verskyning gemaak het, het *Die Huisgenoot* al verskeie waardevolle en interessante artikels oor die nuwe beryming geplaas waarin die Afrikaanse Psalmboek 'n warme welkom toegeroep is. Waar die ou Hollandse Psalmboek in ons land altans nou plek moet maak vir die nuwe boek, daar sal dit seker nie onvanpas wees om nou ook in *Die Huisgenoot* 'n artikel tot afskeid van die Hollandse Psalmboek te laat verskyn nie. In hierdie artikel wil ons dan kortliks die herkoms van die Hollandse Psalmboek nagaan en in 'n paar woorde wys wat die invloed was van hierdie boek gedurende die honderd-vier-en-sestig jaar wat hy ook in ons land deur ons Afrikaanse volk gebruik is.

Die kerklied is 'n baie vername deel van die erediens. Hierin gee die gemeente wat bymekaar gekom het, uiting aan wat daar in die hart omgaan. Sy stryd en sy vrees, sy hoop en geloof, sy lof en dank, sy skuldbelydenis en verootmoediging word in die gesang vertolk.

Die religieuse lied behoort al van die vroegste tye af tot die erediens. Ons kan veilig aanneem dat in die Ou-Testamentiese sowel as in die Nu-Testamentiese erediens ook gesing is. Dit lê in die aard en karakter van die godsdienstige lewe en die verskynsel is ook sielkundig te verklaar dat die hoë religieuse stemming van die hart uiting vind in die lied. Dit geld by die enkeling en nog veel sterker by 'n vergadering van eendersdenkendes en eendersvoelendes.

Lange tyd moes die Psalms die plek ruim vir geestelike liedere. Sedert die middeleeue word die Psalms nie in die Roomse Kerk by die erediens gesing nie. Luther is egter die man wat die eerste stoot gegee het om die Psalms weer in die erediens te voer. In 1524 het hy benewens 'n paar geestelike liedere ook Psalms laat sing. Calvyn het ook ingesien hoe nodig dit is vir die gemeente om hom in die erediens te kan uitsing in 'n lied. Hy het die Psalms gekies en in 1562 het sy Franse Psalmboek met honderd-en-vyftig Psalms berym deur Marot en Beza, verskyn.

Tot 1566 was in Nederland geen algemene Psalmboek of beryming in gebruik nie. Sedert 1540 was daar die s.g. „Souter Liedekens,” 'n beryming van Willem van Zuylen van Nijveld. Vir kerkgebruik was hulle totaal ongeskik, omdat hulle op „wereldsche wijzen berijmt” was — m.a.w. die wysies was almal dié van bekende straatliedjies en deuntjies. Oor die algemeen is egter die bundel van Jan van Uitenhove in die Kerke van die Reformasie gebruik. Dit was 'n beryming wat die outeur vir die Hollandse kerke in Engeland saamgestel het. Hierdie bundel was ook nie volledig nie, met die gevolg dat in 1565 'n ander beryming, nl. 'n letterlike vertaling van die Franse boek deur Lukas de Heere aangebied is. Maar onvolledigheid was ook die kritiek oor hierdie werkie.

In die jaar daarop is die Psalmboek van Petrus Datheen op Dotheenus gepubliseer, 'n bundel wat stormenderhand 'n plek in al die Calvinistiese huisgesinne verower het, en in 'n besonder kort tydjie het dit sy weg ook na die kerke gevind, waar dit met besieling gesing is. In 1568 is dit deur een van die meerdere vergaderings gekeur en by al die kerke aanbeveel. Hierdie bundel van Datheen is nie gepubliseer met die oogmerk om 'n kunspanne van enige letterkundige waarde te lewer nie, maar alleen om sy verdrukte geloofsgenote aan 'n Psalmboek te help en so in 'n algemeen gevoelde behoefte te voorsien.

Maar Datheen se bundel moes uiteindelik plek maak vir 'n nuwe beryming. Langsamerhand is allerweë besef dat hoe voortreflik die Datheense Psalms ook al mag wees, en hoe goed hulle ook al in 'n bestaande behoefte voorsien het, hulle tog nie was wat hulle moes wees nie en nie aan die eise wat aan kerkgesang gestel word, beantwoord

deur

H. Schalk Meyer

het nie. Van verskillende kante, ook deur verskillende kerklike vergaderings is die wens en die mening uitgespreek dat 'n nuwe beryming noodsaaklik was. Maar niemand wou die voortou neem nie, totdat eindelijk die Staten-Generaal (destyds die regering van Nederland) die saak aangepak en al die provinsies van Nederland aangesê het om uit elke provinsie 'n predikant aan te stel wat saam met 'n aantal persone, deur die regering daartoe aangewys, 'n kommissie sou vorm om 'n nuwe Psalmberyming daar te stel. Die inmenging van die staat het sover gegaan dat selfs die bundels aangewys is waaruit die kommissie die beryming moes saamstel.

Drie bundels is aangewys en wel:

(a) Dié van 'n sekere Hendrik Ghijsen, 'n silversmid van beroep. Hy het uit sewentien bestaande berymings wat hy sorgvuldig met mekaar vergelyk het, 'n bloemlesing saamgestel van verse en reëls wat na sy mening die beste uit die klomp was. Hierdie uitgesoekte gedeeltes het hy toe verwerk en omgeskep in 'n nuwe beryming. Nie minder as twee-en-tagtig van sy Psalms is deur die kommissie vir die bundel gekies nie. „Hieronder is 'n paar baie bekendes, soos Pss. 1, 22, 25, 81, 84, 116 en 113. Ook is Ps. 18, die enigste Psalm wat twee eerste versies het, en Ps. 119, wat die langste onder almal is, van hom afkomstig.

(b) Die tweede bundel was dié van die genootskap of vereniging „Lans Deo, Salus Populo” (Tot eer van God en tot heil van die volk). In hierdie genootskap was heelparty lede wat heeltemal Doopsgesind en Remonstrants was en dus kan ons verwag dat hul Psalms ook so getint was. Die kommissie het uit die bundel van hierdie vereniging nie minder as agt-en-vyftig vir die nuwe beryming uitgesoek: nie. Onder hulle is daar drie wat baie geliefd is by ons Afrikaanse volk, en so diep wortel geskiet het dat hulle seker nog baie jare in hul Nederlandse vorm by ons gesing sal word. Hierdie drie Psalms is Ps. 42, waarvan die bekendste vers seker die eerste is: „'t Hijgend hert, der jacht ontkomen,” en vs. 5: „Maar de Heer zal uitkomst geven;” en dan Pss. 134 en 146, waaroor ons later meer sal sê.

(c) Die derde bundel was van die geneesheer Johannes Eusebius Voet. Uit sy bundel is net tien gekies. Uit hierdie tien moet ons noem Ps. 75: „U alleen, U loven wij”; Ps. 100, waarvan vs. 1 „Juich, aarde, juicht alom den Heer,” en vs. 5, „Want goedertieren is de Heer,” seker wel die bekendste is.

Die kommissie het honderd-en-tien maal vergader en die bundel, soos ons dit vandag ken, saamgestel. Toe is die vrug van hul arbeid aan die Staten-Generaal afgegee om verder na goed-dunke te handel. Onmiddellik is al die provinsiale besture aangesê om die nuwe bundel in gebruik te neem en in die najaar van 1773 is dit deur twee provinsies amptelik gedoen. Binne vyftien maande was dit algemeen in gebruik. Hierdie nuwe beryming het nie soos die boek van Dotheen dadelik ingeslaan nie. Op party plekke, en veral in die suidelike provinsies was in die begin heftige teenstand en wou hulle van die nuwe boek niks weet nie. Dotheen se boek was toe al tweehonderd-en-sewe jaar in gebruik en geliefd.

Afgesien van die tekortkominge en gebreke in ons Psalmboek, was dit in vergelyking met die een van Dotheen 'n voortreflike bundel, en sy

meerdere voortreflikheid is dan ook dadelik erken. 'n Interessante feit is dat die Psalmboek nooit kerklik gekeur is nie. Dit is van bo af, van owerheidsweë op die kerke en op die volk afgedruk. Dink ons daarby aan ons Afrikaanse beryming dan tref dit ons dadelik dat die owerheid hom nie daarmee bemoei het nie, maar dat die kerk van die oomblik dat die eerste proewe van die Afrikaanse beryming deur die digter gelewer is, belang in die saak gestel het en negentien jaar lank die vordering van die beryming op die voet gevolg, en dit ook, toe dit klaar was, dadelik kerkelik gekeur het.

Maar laat ons teruggaan na ons bestaande Nederlandse Psalmboek. Ons Afrikaanse volk is verknog aan die boek en dit kan ook nie anders nie. Dit was immers die „liedboek” van ons ouers en grootouers en hul ouers. Vir 'n tydperk van honderd-vier-en-sestig jaar was hierdie Nederlandse Psalms in die donker nag van verdrukking naas die Bybel die troos en besieling. Dit was een van die kragtige wapens waarmee hier in „Donker Afrika” die blanke beskawing homself gehandhaaf het. Die Trekker met sy roer, sy Boek en sy psalmgesang daar op ons Afrikaanse vlaktes het in die loop van jare gegroei tot 'n eenheid, en dis dan ook met 'n gevoel van innige weemoed dat ons moet afskeid neem van so 'n troue metgesel.

Ek het hierbo gesê dat ons Afrikaners en die Nederlandse Psalms tot 'n eenheid gegroei het. Party van die Psalms het in so 'n mate ons „eie goed” geword dat hulle op bepaalde geleenthede, of dit by die enkeling is of by die menigte, spontaan uit die diepste van ons hart opwel. Dan gaan ons heeltemal op in die vertolking van die lied. Een oomblik sal ons in vertwyfeling bid-dend sing:

„Heer, ai maak mij Uwe wegen,
Door Uw Woord en Geest bekend,”

om daarna in 'n lofsang ons hart te lug:

„U alleen, U loven wij,
Ja, wij loven U, o Heer...”

Ek dink byv. aan Ps. 84, waar in al ses die koeplette die lof en die goedheid van God uitgejubel word. Die eerste vers veral is so aangrypend skoon:

„Hoe lieflijk, hoe vol heilgenot,
O Heer, der legerscharen God,
Zijn mij Uw huis en tempelzangen.
.....”

Daar is byv. Ps. 81 vs. 12, waarin ons beloof word dat ons alles sal ontvang wat ons in opregtheid en in geloof van God bid. Daar is Ps. 116, waarin ons liefde tot en vertrouwe op God uitgesing word in die strofes:

„God heb ik lief, want die getrouwe Heer
Hoort mijne stem, mijn smekingen, mijn klagen.”

En dan as ons van die Here 'n seën ontvang het, klink vraend ons dankgebed:

„Wat zal ik met Gods gunsten overlaan
Dien trouwen Heer voor Zijn gena vergelden?”

om daarna in kragtige geloofstaal die enigste antwoord te gee:

„k Zal bij den kelk des heils Zijn naam vermelden,
En roepen Hem met blijd' erkent'nis aan.”

(Vervolg op bladsy 57.)